Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 2: 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan. • Vermindering van kindersterftes. • Vermindering van moedersterftes. • Verlaag die impak van TB en MIV/Vigs.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<p>Dienste word gelewer ingevolge die Nasionale Gesondheidswet, Wet nr. 61 van 2003 insluitend die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Omvattende Gesondheidsdienste in klinieke en Gemeenskap Dagsentrums (insluitende inentings). • Implementering van n TB krisis-plan.
Voorwaardes	<p>Betalings word gemaak ooreenkomstig met artikel 25 van die Nasionale Gesondheidswet, 2004 (Wet nr. 61 of 2003) op 'n subsidie basis, en onderhewig aan die voorwaardes soos voorgeskryf in artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet nr. 1 van 1999) soos gewysig deur Wet nr. 29 van 1999, Nasionale Tesourie Regulasie 8.4, Provinsiale Tesourie Instruksies and Finansiële Instruksie G48/2001, in terme waarvan eise en ge-ouditeerde state voorsien moet word. Munisipaliteit administreer hierdie fondse in terme van artikel 71(1) van die Munisipale Bestuurswet van 2003 (Wet nr. 56 van 2003)</p>

PERSOONLIKE PRIMÊRE GESONDHEIDSORGDIENTE	
Toewysingskriteria	<p>Toekennings word gebaseer op:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geprojekteerde uitgawes; • Per kapita bevolking; • Armoede status; • Baba sterftesyfer; • Inenting dekking; • Tuberkulose genesing getalle; • Diensleweringsooreenkoms raamwerk; • Teikens in die distrik se gesondheidsplan; en • Beskikbare fondse.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	Die lewering van Persoonlike Primêre Gesondheidsorgdienste is 'n provinsiale funksie, maar was geskiedkundig proporsioneel deur die Stad Kaapstad gelewer.
Vorige prestasie	<p>Die 2014/15, 2015/16 en 2016/17 finansiële jare allokasies was R244.122 miljoen, R261.821 miljoen en R276.703 miljoen onderskeidelik, waarvan eise ten opsigte van die volle bedrag ontvang en verwerk is, en daar word verwag dat die volle allokasie vir 2016/17 betaal sal word.</p> <p>Die uitgawes en prestasie-uitsette is in ooreenstemming met die getekende diensleweringsooreenkoms en die begrote toekenning is welverdien.</p>
Geprojekteerde tydsduur	Deurlopend in terme van die huidige politieke en administratiewe ooreenkomste.
MTUR-toewysings	2017/18: R297.392 miljoen; 2018/19: R313.749 miljoen; 2019/20: R326.299 miljoen
Betalingskedere	Die voorwaarde vir betaling is die maandelikse indiening van eise nadat die diens gelewer was.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <p>'n Onderworpenheid-sertifikaat (geskrewe versekering) word jaarliks uitgereik met die aanvang van 'n finansiële jaar wat navraag doen of die Stad Kaapstad Munisipaliteit effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Metro Distrikgesondheidsdienste tak van die Wes-Kaapse Regering moet maandelikse eise binne 30 dae na ontvangs daarvan betaal.</p> <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <p>Die Stad Kaapstad moet die geskrewe versekering-sertifikaat (geskrewe versekering) onderteken ten einde die Metro Distrikgesondheidsdienste te verseker dat dit wel effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Stad Kaapstad sal maandelikse eise indien vir werklike uitgawes soos ooreengekom in die dienste ooreenkoms.</p> <p>Die Stad Kaapstad moet kwartaallikse verslae indien in verband met uitgawes soos ooreengekom in die Dienste Ooreenkoms, wat die volgende inligting moet bevat:</p>

PERSOONLIKE PRIMÊRE GESONDHEIDSORGDIENTE	
	<ul style="list-style-type: none"> • Werklike pasiënte syfers; • Die werklike kostes ingevolge ooreengekome protokol; en • Eksterne faktore wat die werklike koste van die dienslewering beïnvloed, soos waarop ooreengekom word in skrif deur beide partye van tyd tot tyd.
Proses vir goedkeuring van 2018/19 boekjaar toewysing	'n Dienste ooreenkoms sal aangegaan word vir die periode, 1 April 2018 tot 31 Maart 2019.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening Kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	297 392	313 749	326 299	297 392	313 749	326 299
TOTAAL				297 392	313 749	326 299	297 392	313 749	326 299

GEÏNTEGREERDE VOEDINGSPROGRAM	
Oordraggewende provinsiale departement	Gesondheid (Begrotingspos 6)
Strategiese doelwit	Hanteer die las van siekte.
Doel van toekenning	Die lewering, deur munisipaliteite, van voedingsdienste gerig op spesifieke teikengroepe deur 'n kombinasie van direkte en indirekte voedingsingrypings om wanvoeding in die Wes-Kaap aan te spreek.
Uitkomste-verklarings	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeter gezondheid. • Verminder moeder- en kindersterftes. • Verlaag die las van siekte.
Uitsette	Nakoming van die beleid en protokol van die Geïntegreerde Voedingsprogram.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 2: 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand, veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan. • Die vermindering van moeder, baba- en kindersterftes. • Die verlaging van die las van siekte weens MIV, Vigs, TB, wanvoeding en ander kroniese en aftakelende mediese toestande. • Verbeter kindervoeding.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	Die Geïntegreerde Voedingsprogram se besigheidsplan 2017/18.
Voorwaardes	Betalings word ooreenkomstig met artikel 25 van die Nasionale Gesondheidswet, 2004 (Wet 61 van 2003), op 'n subsidie grondslag gedoen, en onderhewig aan die voorwaardes soos voorgeskryf in artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999), Tesourie regulasie 8.4, die Provinsiale Tesourie-instruksies en Finansiële Instruksie G48/2001, ingevolge waarvan eise en geouditeerde verslae ingedien moet word. Munisipaliteit administreer hierdie fondse in terme van artikel 71(1) van die Munisipale Bestuurswet van 2003 (Wet 56 van 2003).
Toewysingskriteria	<p>Toewysings word gebaseer op:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voedingsdienste verskaf aan spesifieke teiken groepe en pasiënte wat aan vasgestelde vereistes voldoen, soos vervat in die implementering riglyne vir die Terapeutiese Voedingsprogram (Omsendbrief H80/2011); • Wanvoedingskoerse; en • Die voorsiening van die Geïntegreerde Voedingsprogram is 'n provinsiale funksie, maar is histories proporsioneel voorsien deur die Stad Kaapstad.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	Provinsiale funksie deur munisipaliteit verrig.

GEÏNTEGREERDE VOEDINGSPROGRAM	
Vorige prestasie	2014/15: R4.503 miljoen 2015/16: R4.527 million 2016/17: R5.208 miljoen Indiening van monitering-en-evaluasie-verslae (Voedingsregister-verslae) ooreenkomstig paragraaf 11.1.4 van die diensooreenkoms tussen die Wes-Kaapse Regering en die Stad Kaapstad-munisipaliteit ten opsigte van Persoonlike Primêre Gesondheidsorgdienste.
Geprojekteerde tydsduur	Deurlopend ingevolge huidige wetgewing.
MTUR-toewysings	2017/18: R5.572 miljoen; 2018/19: R5.880 miljoen; 2019/20: R6.116 miljoen
Betalingskediule	Die voorwaarde vir betaling is dat eise ingedien moet word nadat die diens gelewer is.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <p>'n Onderworpenheid-sertifikaat (geskrewe versekering) word jaarliks uitgereik by die aanvang van 'n finansiële jaar wat navraag doen of die Stad Kaapstad effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Metro Distrikgesondheidsdienste tak van die Wes-Kaapse Regering moet maandelikse eise binne 30 dae na ontvangs daarvan betaal.</p> <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <p>Die Stad Kaapstad moet die onderworpenheid-sertifikaat (geskrewe versekering) onderteken ten einde die Metro Distrikgesondheidsdienste te verseker dat dit wel effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Stad Kaapstad sal maandelikse eise indien vir werklike uitgawes soos ooreengekom in die dienste ooreenkoms.</p> <p>Die Stad Kaapstad moet kwartaallikse verslae indien in verband met uitgawes soos ooreengekom in die Dienste Ooreenkoms, wat die volgende inligting moet bevat:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Werklike pasiënte syfers; • Die werklike kostes ingevolge ooreengekome protokolle; en • Uitwendige faktore wat die werklike koste van die dienslewering beïnvloed, soos waarop ooreengekom word in skrif deur beide partye van tyd tot tyd.
Proses vir goedkeuring van 2018/19 boekjaar toewysing	'n Dienste ooreenkoms sal aangegaan word vir die periode, 1 April 2018 tot 31 Maart 2019.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	5 572	5 880	6 116	5 572	5 880	6 116
TOTAAL				5 572	5 880	6 116	5 572	5 880	6 116

MIV EN VIGS	
Oordraggewende provinsiale departement	Gesondheid (Begrotingspos 6)
Strategiese doelwit	Handhaaf gesondheid en welstand, voorkom nuwe infeksies van MIV, SOI en TB, en spreek sosiale en strukturele dryfkragte aan vir die voorkoming, sorg en impak van MIV en TB.
Doel van toekenning	Die lewering van 'n primêre gesondheidsorgdiens ten opsigte van die Omvattende MIV-en-Vigs-plan.
Uitkomste-verklarings	<ul style="list-style-type: none"> • Verminder gestremdheid en sterftes weens MIV deur universele toegang tot MIV-sifting, -diagnose, -sorg en -behandeling. • Identifiseer en spreek sosiale, ekonomiese en gedragsdryfkragte van MIV, SOI en TB aan. • Maksimeer geleenthede om toe te sien dat alle Suid-Afrikaners ten minste jaarliks toegang tot MIV-toetsing en sifting vir TB het, en registreer pasiënte vervolgens by welheid-en-behandelings- en sorg-en-steunprogramme.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Die jaarlikse dekking van vrywillige berading en toetsing (VBT). • Die verskaffing van voorkomingsterapie aan verwagte MIV-positiewe moeders. • Die verskaffing van teenretrovirale en middelvolhouding steun.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 2: 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand, veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan. • 'n Verhoging van die getal mense wat teenretrovirale ontvang. • Die versterking van die gemeenskap gebaseerde reaksie tot die MIV-epidemie deur die ontwikkeling en implementering van plaaslike steunprojekte in gespesifiseerde fokusgebiede. • Die voorkoming van TB-infeksies. • Die vermindering van ma-na-kind-MIV-oordrag na ten minste 2 persent op ses weke en minder as 5 persent op 18 maande. • Die verhoging/verbetering van die behoud van pasiënte in sorg en hul volhouding met behandeling.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<p>Om die volgende dienste teen die 11 goedgekeurde voorwaardes te verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Teenretrovirale behandeling; • Hoë-Oordrag gebiede; • Tuisgebaseerde Sorg; • Nablootstelling-Proflakse; • Programbestuur; • Voorkoming van Ma-na-Kind-Oordrag; • Streeksopleidingsentrum; • MIV-Berading en -Toetsing; • Mediese Mansbesnyding; • Kondome (Seksueel Oordraagbare Infeksies); en • TB- en MIV-integrasie.

MIV EN VIGS	
Voorwaardes	Betalings word ooreenkomstig met artikel 25 van die Nasionale Gesondheidswet, 2004 (Wet 61 van 2003), op 'n subsidie grondslag gedoen, en onderhewig aan die voorwaardes soos voorgeskryf in artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999), Tesourie Regulasie 8.4, die Provinsiale Tesourie-instruksies en Finansiële Instruksie G20/2005, ingevolge waarvan eise en ge-ouditeerde verslae ingedien moet word. Munisipaliteite administreer hierdie fondse in terme van artikel 71(1) van die Munisipale Bestuurswet van 2003 (Wet nr. 56 van 2003).
Toewysingskriteria	Toekennings word gebaseer op: <ul style="list-style-type: none"> • Geprojekteerde besteding; • Geografiese gebiede waarin dienste gelewer moet word; • Die grootte van die bevolking; en • Die getal pasiënte wat teenretrovirale terapie ontvang.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	Die lewering van 'n primêre gesondheidsorgdiens ten opsigte van die omvattende MIV-en-Vigs-plan is 'n provinsiale funksie.
Vorige prestasie	2014/15: R109.589 miljoen 2015/16: R133.515 miljoen 2016/17: R176.059 miljoen 'n Gemiddeld van 80 persent van mikpunte is bereik. DoRA-verslaglewering was betyds en volgens die skedule van beplanning.
Geprojekteerde tydsduur	Deurlopend ingevolge huidige wetgewing.
MTUR-toewysings	2017/18: R217.701 miljoen; 2018/19: R246.227 miljoen; 2019/20: R272.560 miljoen
Betalingskedule	Die voorwaarde vir betaling is dat eise ingedien moet word nadat die diens gelewer is.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <p>'n Onderworpenheid-sertifikaat (geskrewe versekering) word jaarliks uitgereik by die aanvang van 'n finansiële jaar wat navraag doen of die Stad Kaapstad effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Metro Distrikgesondheidsdiens tak van die Wes-Kaapse Regering moet eise binne 30 dae na ontvangs daarvan betaal.</p> <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <p>Die Stad Kaapstad moet die onderworpenheid-sertifikaat (geskrewe versekering) onderteken ten einde die Metro Distrikgesondheidsdiens te verseker dat dit wel effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële stelsels implementeer.</p> <p>Die Stad Kaapstad sal maandelikse eise indien vir werklike uitgawes soos ooreengekom in die dienste ooreenkoms.</p> <p>Die Stad Kaapstad moet kwartaallikse verslae indien in verband met uitgawes soos ooreengekom in die dienste ooreenkoms, wat die volgende inligting moet bevat:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Werklike pasiënte syfers; • Die werklike kostes ingevolge ooreengekome protokol; en • Eksterne faktore wat die werklike koste van die dienslewering beïnvloed, soos waarop ooreengekom word in skrif deur beide partye van tyd tot tyd.

MIV EN VIGS	
Proses vir goedkeuring van 2018/19 boekjaar toewysing	Die Nasionale Voorwaardelike Toekenning-besigheidsplan vir 2018/19 moet voorgelê en afgeteken word deur die Departementshoof en Provinsiale Tesourie teen 28 Februarie 2018.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	217 701	246 227	272 560	217 701	246 227	272 560
TOTAAL				217 701	246 227	272 560	217 701	246 227	272 560

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
Oordraggewende provinsiale departement	Menslike Nedersettings (Begrotingspos 8)
Strategiese doelwit	Die skep van volhoubare menslike nedersettings wat 'n verbeterde lewenskwaliteit in huishoudings moontlik maak. Instaatstelling van 'n volhoubare, gehalte en inklusiewe leefbare omgewing.
Doel van toekenning	Om befondsing daar te stel vir die skep van volhoubare menslike nedersettings.
Uitkomste-verklarings	Die fasilitering en voorsiening van basiese infrastruktuur, topstrukture en basiese maatskaplike en ekonomiese geriewe wat tot die skep van volhoubare menslike nedersettings bydra.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële intervensies en maatreëls wat toegang tot menslike nedersetting ontwikkeling en die eiendomsmark verbeter. • Aantal informele nedersetting huishoudings opgegradeer. • Aantal maatskaplike en huurbehuising eenhede ontwikkel. • Hektaar toepaslik geleë grond en eiendom aangeskaf en ontwikkel. • Aantal Landelike Behuisingseenhede ontwikkel. • Aantal gedienste persele ontwikkel en voorsien.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<p>Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde lewenskwaliteit van huishoudings.</p> <p>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte-en inklusiewe leefbare omgewing.</p>
Besonderhede vervat in die besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Uitkomsaanwysers. • Uitsette. • Sleutel aktiwiteite. • Monitering en Verslaggewing.
Voorwaardes	<p>Fondse vir hierdie toekenning sal slegs vrygestel word met:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ontvangs van 'n goedgekeurde munisipale of provinsiale besigheidsplan ondersteun deur 'n projektelys per behuisingsprogram wat die gereedheid van projekte vir implementering aandui, insluitende verslag oor kontantvloei projeksië en nakoming sertifikate. • Munisipaliteite moet 'n diensleweringooreenkoms met die departement aangaan betreffende hul dienslewering doelwitte. • Toewysings aan munisipaliteite sal slegs vir projekte wat in die implementeringsfase is, of nuwe projekte wat oorgehaal is vir implementering, afgekondig word. • Betalings aan munisipaliteite sal afhang van hul prestasie soos per verslae ingedien en geëvalueer op die Behuisingssubsidie stelsel (BSS) vir projek en program administrasie. • Wes-Kaapse Provinsiale Regering mag, indien 'n bewese behoefte bestaan, tot 5 persent (5%) van die provinsiale toekenning vir die Bedryfskapitaal Begrotingsprogram (OPSCAP) gebruik om die implementering van die goedgekeurde nasionale en provinsiale behuising, en geakkrediteerde munisipale programme en prioriteite te ondersteun.

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
	<ul style="list-style-type: none"> • Die Minister van Menslike Nedersettings mag 'n projek as 'n prioriteitsprojek identifiseer en goedkeur by verklaring deur die Staatspresident, Kabinet, die Minister en/of Menslike Nedersettings MinMec. • 'n Nasionale prioriteitsprojek sal aan een of meer van die volgende voorwaardes voldoen: <ul style="list-style-type: none"> – Die projek bevorder 'n nasionale ontwikkelingsbelang insluitend die uitwissing van armoede, gelykheid, volhoubare ontwikkeling en/of waardigheid van gemeenskappe en landsburgers; – Die projek bevorder die teikens en uitsette soos in Nasionale Uitkoms 8 vervat; – Die projek bevorder 'n goeie nasionale praktyk in menslike nedersetting ontwikkeling; en – Die goedkeuring van die projek sal lei tot die verligting van 'n noodgeval en/of lewensgevaarlike situasie. • Alle nuwe projekte moet deel vorm van die Prestasie- en Leweringsooreenkomste wat in terme van Nasionale Uitkoms 8, Provinsiale Strategiese Doelwit 4, Provinsiale Multi-jaar Behuisingsplanne, Nasionale, Provinsiale en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerke en Menslike Nedersetting Sektorplanne geteken is en nakoming van die Behuisingskode en gereedheidskriteria vir implementering. • Provinsies moet geskikte begrotingstoewysings aan die Nasionale Opgraderings Ondersteuningsprogram maak om kapasiteit te verbeter om informele nedersetting huishoudings op te gradeer. • Die teikens per provinsie en geakkrediteerde munisipaliteite moet konsekwent met die uitsette en teikens wees soos vervat in die Leweringsooreenkomste tussen die Minister, LURe en, waar toepaslik, met Burgemeesters. • Die Departement behou die reg om direk fondse oor te dra of betaal derde partye indien die munisipaliteit onderpresteer of bestuur kwessies het. • Die Departement behou hom die reg voor om, in oorleg met munisipaliteite, fondse vanaf nie-presterende projekte na presterende projekte te verskuif, insluitend die toewysing van fondse aan ander munisipaliteite. 'n Nuwe toekenningsbrief, medeonderteken deur die Provinsiale Tesourie, sal munisipaliteite toelaat om met die verkrygingsproses aanvang te neem, terwyl promulgering sal volg ooreenkomstig die begrotingsproses.
Toewysingskriteria	<ul style="list-style-type: none"> • Hierdie is 'n toekenning aan begunstigdes/huishoudings en nie munisipaliteite nie. Die allokasie is indikatief om munisipaliteite by te staan, as agente van die departement, in beplanning. • Die toekennings aan munisipaliteite sal slegs geskied indien hul besigheidsplanne tot Nasionale Uitkoms 8 en Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4 sal bydra. • Fondse sal toegeken word gebaseer op die gereedheid van projekte soos vervat in die besigheidsplanne.

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	'n Voorwaardelike toekenning stel die nasionale departement in staat om effektiewe oorsig te voorsien, nakoming van die behuisingskode te verseker en gedeeltes van die toelaag direk aan geakkrediteerde munisipaliteite te verseker.
Vorige prestasie	Werklike uitgawes volgens Jaarverslag: 2014/15: R1.935 biljoen 2015/16: R1.951 biljoen 2016/17: R1.989 biljoen
Geprojekteerde tydsduur	Dit is 'n langtermyn toekenning waarvan die presiese lewensydperk nie bepaal kan word nie aangesien die Regering 'n verpligting het om minderbevoorregtes met die voorsiening van menslike nedersettings by te staan.
MTUR toewysings	2017/18: R2.220 biljoen 2018/19: R2.383 biljoen 2019/20: R2.543 biljoen
Betalingskedule	<p>Paaielemente aan die Stad Kaapstad sal ooreenkomstig geskied met die goedgekeurde betalingskedule. Die finale gedeeltelike betaling sal gebaseer word op werklike lewering gemeet teenoor vorige betalings, inaggenome betalings deur die Departement namens die Stad Kaapstad.</p> <p>Soos gestipuleer in kontrakte met munisipaliteite, goedgekeurde besigheidsplanne en/of volgens die gedeeltelike betalingsbeleid.</p> <p>Die Departement sal die kontrakteurs direk vanaf die verskeie munisipale toewysings betaal indien die munisipaliteit nie voldoen aan die vereistes van artikel 38(1)(j) van die OFBW nie.</p> <p>Die Menslike Nedersettingontwikkelingstoekenning is in die meeste gevalle van BTW vrygestel. In gevalle waar dit nie vrygestel is nie, moet alle BTW wat van SARS teruggeëis word, teen die projekte toegewys word en mag nie as eie inkomste aangewend word nie.</p>
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte departement en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kondig die indikatiewe begrotingtoewysings vir munisipaliteite in die staatskoerant af en bring dit aan in die betaling skedules reëlings/ooreenkomste. Hierdie toekenning is 'n oordrag aan huishoudings en nie as oordragte aan munisipaliteite nie. • Ondersteun geakkrediteerde munisipaliteite met die uitvoering van hulle funksies soos gedelegeer ooreenkomstig die akkreditasie raamwerk. • Moniteer die provinsiale en munisipale prestasie met betrekking tot die toekenning, finansiële en nie-finansiële, en beheerstelsels verwant aan die menslike nedersettings voorwaardelike toekenning. • Bied ondersteuning aan provinsies en geakkrediteerde munisipaliteite in terme van menslike nedersetting lewering soos benodig mag word. • Onderneem gestruktureerde en ander besoeke aan munisipaliteite soos benodig.

MENSLIKE NEDERSETTINGSONTWIKKELINGSTOEKENNING (BEGUNSTIGDES)	
	<ul style="list-style-type: none"> • Fasiliteer gereelde strategiese interaksies tussen nasionale en provinsiale departemente van menslike nedersettings en geakkrediteerde munisipaliteite. • Dien 'n 2016/17 jaarverslag by die nasionale departement in, voor of op 30 September 2017. • Aanwend van die Behuising Subsidie Stelsel (BSS) vir die administrasie van alle menslike nedersetting prosesse. • Verseker die effektiewe en doeltreffende aanwending van die Behuising Subsidie Stelsel op munisipale vlak. • Nakoming van die verantwoordelikhede van die ontvangende beamppte soos uiteengesit in die jaarlikse Verdeling van Inkomste Wet (DoRA). • Nakoming met die terme en voorwaardes van die nasionale prestasie ooreenkomste, asook provinsiale en plaaslike lewering-ooreenkomste. • Voorsiening van kwartaalverslae met betrekking tot fondse geallokeer en aangewend op programme en projekte ten opsigte van OPSCAP. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van die terme en voorwaardes van die provinsiale en munisipale prestasie ooreenkomste. • Stad Kaapstad moet maandeliks verslae voorsien oor fondse geallokeer en aangewend op programme en projekte. • Ander munisipaliteite moet eise en vorderingsverslae indien ten einde fondse te bekom. • Voorsien die departement met verslae ten opsigte van werklike vordering. • Indien van besigheidsplanne in lyn met Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4 en Nasionale Uitkoms (NO) 8. • Alle voorsienings prosesse moet voldoen aan die voorskrifte ingevolge die MFBW (MFMA). Alle kontrakteurs moet by die NHBRs en CIDB geregistreer wees. • Verlening van toegang van provinsiale en nasionale beamptes tot alle finansiële rekords met betrekking tot die toekenning. • Moet oor effektiewe en doeltreffende interne beheer prosesse beskik. • Munisipaliteite moet verseker dat kontrakteurs binne dertig (30) dae na sertifisering van fakture betaal word.
Proses vir goedkeuring van 2018/19 boekjaar toewysings	<p>Die eerste konsep provinsiale besigheidsplanne moet teen 15 Oktober 2017 by die provinsiale departement ingedien te word.</p> <p>Dien finale munisipale besigheidsplanne, projeklyste insluitende kontantvloei voorspellings, en nakomingsertifikaat teen 15 Januarie 2018 by die provinsiale departement in.</p> <p>Departement dien goedgekeurde 2018/19 provinsiale plan teen 15 Februarie 2018 by die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings in.</p>

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Alfabetiese kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	621 054	729 709	794 800	621 054	729 709	794 800
B	DC1	WC011	Matzikama	5 400	783		5 400	783	
B	DC1	WC012	Cederberg	19 540	1 000		19 540	1 000	
B	DC1	WC013	Bergrivier	11 820	360		11 820	360	
B	DC1	WC014	Saldanhabaai	20 918	10 480		20 918	10 480	
B	DC1	WC015	Swartland	22 250			22 250		
B	DC2	WC022	Witzenberg	38 960	22 000	12 000	38 960	22 000	12 000
B	DC2	WC023	Drakenstein	75 764	139 735	58 479	75 764	139 735	58 479
B	DC2	WC024	Stellenbosch	7 767	28 000	22 000	7 767	28 000	22 000
B	DC2	WC025	Breedevallei	100 200	214 494	93 642	100 200	214 494	93 642
B	DC2	WC026	Langeberg	32 150	22 500	20 000	32 150	22 500	20 000
B	DC3	WC031	Theewaterskloof	72 621	62 200	74 150	72 621	62 200	74 150
B	DC3	WC032	Overstrand	31 670	32 000	58 200	31 670	32 000	58 200
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	20 450	20 000	40 100	20 450	20 000	40 100
B	DC3	WC034	Swellendam	3 350	9 480		3 350	9 480	
B	DC4	WC041	Kannaland	2 030			2 030		
B	DC4	WC042	Hessequa	22 200			22 200		
B	DC4	WC043	Mosselbaai	25 500	31 820	25 000	25 500	31 820	25 000
B	DC4	WC044	George	65 800	135 000	149 500	65 800	135 000	149 500
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	35 066	19 640		35 066	19 640	
B	DC4	WC047	Bitou	40 374	3 000	12 000	40 374	3 000	12 000
B	DC4	WC048	Knysna	74 134	18 100		74 134	18 100	
	DC5	WC052	Prins Albert	10 739			10 739		
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	24 000			24 000		
Totaal toegewys				1 383 757	1 500 301	1 359 871	1 383 757	1 500 301	1 359 871
Fondse deur die Departement weerhou <small>Nota1</small>				836 501	882 255	1 183 270	836 501	882 255	1 183 270
TOTAAL				2 220 258	2 382 556	2 543 141	2 220 258	2 382 556	2 543 141

Nota Fondse deur die Departement weerhou	Menslike Nedersettingsontwikkelings- toekenning Begunstigdes		
	Munisipale Finansiële Jaar		
	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
Departementele prioriteit projekte	571 840	652 500	739 500
Individuele subsidies, insluitend, FGSP	73 600	64 400	121 750
Uitgebreide Verbeterde Kortingskema	2 500	2 500	2 000
NHBRC	20 000	20 000	20 000
Behuising Ontwikkelings Agentskap (BOA)	22 302	23 000	25 000
Grond beskikbaarstelling projekte	69 540	29 240	14 250
Akte besorgingsprojekte	16 243	18 330	-
Informele nedersettings: Basiese dienste (Nie-Metro)	-	8 000	187 270
OPSCAP (Die 2017/18 OPSCAP allokasie van R60.476 miljoen sluit 'n R5 miljoen uit wat onder die Munisipale Akkreditering Ondersteuning toekenning gepubliseer word, asook R1.5 miljoen wat onder die Menslike Nedersettingsfonds toekenning gepubliseer word. Die totale OPSCAP bedrag is R66.976 miljoen.)	60 476	64 285	73 500
Totaal	836 501	882 255	1 183 270

MUNISIPALE AKKREDITERING ONDERSTEUNING TOEKENNING	
Oordraggewende provinsiale departement	Menslike Nedersettings (Begrotingspos 8)
Strategiese doelwit	Om munisipaliteite met hoë potensiaal behulpsaam te wees om as ontwikkelaars van menslike nedersettings geakkrediteer te word.
Doel van toekenning	Om die vestiging van menslike nedersetting eenhede binne geakkrediteerde prioriteits munisipaliteite te befonds asook die versterking van die bestaande menslike nedestetting eenhede binne the munisipaliteit; en Om die institusionele kapasiteitsbehoefes van die munisipaliteit te finansier.
Uitkomste-verklarings	'n Ten volle gekapasiteerde munisipaliteit wat menslike nedersettings kan lewer.
Uitsette	Die munisipaliteit sal gemeet word teen die aantal personeel wat aangestel word ingevolge die personeel plan om die menslike nedersettings programme te implementeer.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudelike lewe. Provinsiale Strategiese Doelwit (PSG) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte-en inklusiewe leefbare omgewing.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Teikens, prestasies en sleutel verantwoordelikhede. • Implementeringsproses van die akkreditasie besigheidsplan. • Begrotingstoekenning en berekening van die akkreditasie besigheidsplan. • Tydsraamwerk en mylpale van die akkreditasie programme. • Monitering en verslagdoening.
Voorwaardes	Die provinsiale regering en die munisipaliteit sal 'n ooreenkoms onderteken waarin die munisipaliteit hul verbind om die gestelde doelwitte te bereik.
Toewysingskriteria	Gebaseer op die geprojekteerde uitgawes in die besigheidsplan soos ingedien by die Departement van Menslike Nedersettings deur die munisipaliteit.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	In terme van artikel 154(1) van die Grondwet van RSA, 1996 (Wet 108 van 1996), moet die nasionale en die provinsiale regerings, ingevolge wetgewing en ander maatreëls, die kapasiteit van munisipaliteite ondersteun en versterk, om uitvoering te verleen ingevolge hul eie magte om hulle funksies uit te voer.
Vorige prestasie	2015/16: R5 miljoen 2016/17: R10 miljoen
Geprojekteerde tydsduur	Die program is opgeneem in die departementele strategiese plan vir die tydperk 2017/18.
MTUR-toewysings	2017/18: R5 miljoen 2018/19: R5 miljoen Die befondsing vereistes vir die MTUR sal aangespreek word ingevolge die munisipale behoeftes soos ooreengekom tussen die Departement van Menslike Nedersettings en die munisipaliteit gebaseer op werklike prestasie. Dit sal befonds word van die OPSCAP toewysing vir die buite jare.
Betalingskedere	Fondse sal oorgedra word ingevolge die ooreenkoms.

MUNISIPALE AKKREDITERING ONDERSTEUNING TOEKENNING	
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeamppte en ontvangsbeamppte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kondig die begrotingstoewysings vir munisipaliteite in die staatskoerant af en bring dit aan in die betaling skedules reëlings/ooreenkomste. • Moniteer die munisipale prestasie met betrekking tot die toekenning, finansiële en nie-finansiële, en beheerstelsels verwant aan toekenning. • Bied ondersteuning aan munisipaliteite in terme van menslike nedersetting lewering soos benodig mag word. • Onderneem gestruktureerde en ander besoeke aan munisipaliteite. • Ander voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van die terme en voorwaardes van die provinsiale en munisipale prestasie ooreenkomste. • Alle voorsieningsprosesse moet ooreenkomstig met die MFBW (MFMA) en ander Staatsvoorskrifte geskied. • Toegang te verleen aan provinsiale en nasionale beamptes tot die finansiële rekords met betrekking tot die toekenning. • Effektiewe en doeltreffende interne beheer prosesse moet in plek wees. • Ander voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms.
Proses vir goedkeuring van 2018/19 boekjaar toewysing	Dit sal afhang van die werklike prestasie en gesamentlike ooreenkoms tussen die departement en die munisipaliteit.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad <i>Nota</i>	5 000	5 000	-	5 000	5 000	-
TOTAAL				5 000	5 000	-	5 000	5 000	-

<i>Nota</i> Stad Kaapstad	Munisipale Akkreditering Ondersteuning Toekenning		
	Munisipale Finansiële Jaar		
	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
OPSCAP (Die bedrag van R5 miljoen word geoormerk vir munisipale akkreditasie bystand vir Stad Kaapstad wat gefinansier sal word uit die OPSCAP. Die befondsing vir die buite jare sal toegewys word gebaseer op werklike prestasie en gesamentlike ooreenkoms tussen die Stad Kaapstad en die Departement).	5 000	5 000	

MENSLIKE NEDERSETTINGS BESTANDFONDS	
Oordraggewende provinsiale departement	Menslike Nedersettings (Begrotingspos 8)
Strategiese doelwit	Om die kwaliteit van menslike nedersettings te verbeter deur middel van die befondsing van projekte, wat die disfunksie in sodanige nedersettings sal aanspreek.
Doel van toekenning	Om finansiële ondersteuning te verleen aan Stad Kaapstad om: <ul style="list-style-type: none"> • Die maandelikse huurgeld betaalbaar aan die private eienaar ten opsigte van die huurgeld vir 'n gedeelte van Kaapse Plaas 1404, vir Redhill Informele Nedersetting; • Die bestuur van die verwydering van uitheemse plantasie (insluitend die kwartaallikse instandhouding); en • Die bestuur vir die verwydering van plantasie in die brandpad (insluitend die kwartaallikse instandhouding) op Plaas 1404, Kaap RD (bekend as Wildschut Plaas).
Uitkomste-verklarings	Verbetering van die kwaliteit van menslike nedersettings deur middel van die befondsing van projekte, wat ook die disfunksies in sodanige nedersettings sal aanspreek.
Uitsette	Administrasie en betaling van die maandelikse huurgelde ten opsigte van Redhill Informele Nedersettings vir 'n tydperk van drie (3) jaar, insluitend die verwydering van uitheemse plantasie en die onderhoud van die brandpad op Plaas 1404, Kaap RD om brande te voorkom.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudelike lewe. Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte-en inklusiewe leefbare omgewing. Administrasie en bestuur van die Redhill Informele Nedersetting ten opsigte van huurgelde betaalbaar aan die grondeienaar sowel as die verwydering van uitheemse plantasie om toekomstige verwoestende brande te voorkom.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	'n Huurooreenkoms bestaan tussen Stad Kaapstad en die privaat eienaar van die plaas Red Hill waarop onwettige informele nedersettings opgerig is. Stad Kaapstad doen jaarliks verslag oor die uitgawes met betrekking tot die toekenning.
Voorwaardes	Soos uiteengeset in die Memorandum van Ooreenkoms aangegaan tussen die Departement van Menslike Nedersettings en Stad Kaapstad.
Toewysingskriteria	Munisipaliteit het aangedui dat fondse nie genoegsaam is vir die bestuur van die informele nedersetting en die verwydering en instandhouding van uitheemse plantasie.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	In terme van artikel 26(1)(2) van die Grondwet, moet die Staat redelike, wetlike en ander stappe en maatreëls neem om binne sy beskikbare hulpbronne, die progressiewe realisasie van menseregte te bereik, toegang tot voldoende behuising te hê.
Vorige prestasie	2013/14: R1 miljoen 2016/17: R1.5 miljoen

MENSLIKE NEDERSETTINGS BESTANDFONDS	
Geprojekteerde tydsduur	2017/18 tot 2019/20 finansiële jare (3 finansiële jare).
MTIUR-toewysings	2017/18: R1.5 miljoen; 2018/2019: R1.5 miljoen en 2019/20: R1.5 miljoen
Betalingskedere	Fondse sal eenmalig oorgedra word.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kondig die begrotingtoewysings vir munisipaliteite in die staatskoerant af en bring dit aan in die betaling skedules reëlings/ooreenkomste. • Moniteer die munisipale prestasie met betrekking tot die toekenning, finansiële en nie-finansiële, en beheerstelsels verwant aan die toekenning. • Bied ondersteuning aan munisipaliteite in terme van menslike nedersetting lewering soos benodig mag word. • Onderneem gestruktureerde en ander besoeke aan munisipaliteite, soos nodig. • Ander voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van die terme en voorwaardes van die provinsiale en munisipale prestasie ooreenkomste. • Alle voorsieningsprosesse moet ooreenkomstig die MFBW (MFMA) en ander Staatsvoorskrifte geskied. • Toegang te verleen aan provinsiale en nasionale beamptes tot die finansiële rekords met betrekking tot die toekenning. • Moet effektiewe en doeltreffende interne beheer prosesse in plek hê. • Ander voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms.
Proses vir goedkeuring van 2018/19 boekjaar toewysing	Benodig die nodige goedkeuring vanaf die Nasional Tesourier in terme van artikel 17(5) die Wet op die Verdelling van Inkomste, 2003, om die toekennings aan munisipaliteite wat voorheen gepubliseer was, aan te pas.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad ^{Nota}	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500
TOTAAL				1 500	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500

Nota Stad Kaapstad	Menslike Nedersettings Bestandsfonds		
	Munisipale Finansiële Jaar		
	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
OPSCAP (Die bedrag van R1.5 miljoen word geoormerk vir nedersetting bystand vir Stad Kaapstad wat gefinansier sal word uit die OPSCAP. Die befondsing vir die buite jare sal toegewys word gebaseer op werklike prestasie en gesamentlike ooreenkoms tussen die Stad Kaapstad en die Departement.)	1 500	1 500	1 500

PROVINSIALE BYDRAE OM BEHUISINGSLEWERING TE VERSNEL	
Oordraggewende provinsiale departement	Menslike Nedersettings (Begrotingspos 8)
Strategiese doelwit	Die skep van volhoubare menslike nedersettings wat 'n verbeterde lewenskwaliteit in huishoudings moontlik maak.
Doel van toekenning	Om behuising te befonds by munisipaliteite wat bewys het dat hulle oor die kapasiteit beskik om te beplan en vinnig huise te lewer, met die klem op plattelandse gebiede.
Uitkomsteverklarings	Verbetering van die kwaliteit van menslike nedersettings deur projekte te befonds wat disfunksionaliteite binne hierdie nedersettings sal aanspreek.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Opgegradeerde infrastruktuur in agtergeblewe gebiede en die aantal werkseleenthede verskaf; • Die aantal huidige agtergeblewe gebiede te herbeplan en herontwikkelde en informele nedersettings te opgegradeer; en • Voltooide planne van gebiede wat sosiale, ras en funksionele integrasie bevorder.
Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde lewenskwaliteit van huishoudings. Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte-en inklusiewe leefbare omgewing.
Besonderhede vervat in implementeringsplan/ besigheidsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Uitkoms aanwysers • Uitsette • Sleutel aktiwiteite • Monitering en Verslagdoening
Voorwaardes	<ul style="list-style-type: none"> • Provinsiale behuisingsdepartemente en geakkrediteerde plaaslike owerhede moet omvattende verslae oor individuele projekte aan Provinsiale Tesourie, soos gespesifiseer in die monitoring riglyne, voorlê teen die 15^{de} van elke maand. • Moet deel wees van die ooreenkoms tussen die Provinsiale regering en die munisipaliteite. • Enige Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) geëis deur die munisipaliteit moet teen die projek gekrediteer word. • Die departement behou hom die reg voor om, in oorleg met munisipaliteite, fondse vanaf nie-presterende projekte na presterende projekte te verskuif, insluitend die toewysing van fondse aan ander munisipaliteite. 'n Nuwe toekenningsbrief, medeonderteken deur die Provinsiale Tesourie, sal munisipaliteite toelaat om met die verkrygingsproses aanvang te neem, terwyl promulgering sal volg ooreenkomstig die begrotingsproses.
Toewysingskriteria	Gebaseer op besigheidsplanne ingedien by die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings asook vorige prestasies.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	Fondse word bewillig in terme van provinsiale eie finansiering.

PROVINSIALE BYDRAE OM BEHUISINGSEWERING TE VERSNEL	
Vorige prestasie	2014/15: R15.500 miljoen 2015/16: R19.149 miljoen 2016/17: R20.173 miljoen
Geprojekeerde tydsduur	Hierdie projekte is noodsaaklik om volhoubare menslike nedersettings te verseker. Ander befondsing vir die projekte is ingesluit in die Geïntegreerde Behuising en Behuisings-vestigingsontwikkelingstoekenning vir die toekomstige jare.
MTUR-toewysings	2017/18: R69.064 miljoen Ander befondsing vir die projekte is ingesluit in die Geïntegreerde Behuising en Behuisings-vestigingsontwikkelingstoekenning vir die toekomstige jare.
Betalingskedere	Sal afhang van die indiening van goedgekeurde besigheidsplanne. Die departement sal die kontrakteurs direk vanaf die verskeie munisipale toewysings betaal indien die munisipaliteit nie voldoen aan die vereistes van seksie 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kondig die begrotingstoekennings vir munisipaliteite in die Staatskoerant af en bring dit in die betalingskedere reëlings/ooreenkomste aan. • Monitor munisipale prestasie op die toekenning, finansiële, nie-finansiële en beheerstelsels verwant aan die toekenning. • Voorsien ondersteuning aan munisipaliteite met betrekking tot menslike nedersetting lewering, soos benodig. • Onderneem gestruktureerde en ander besoeke aan munisipaliteite. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nakoming van die terme en voorwaardes van die provinsiale en munisipale prestasie ooreenkomste. • Alle voorsieningsprosesse moet ooreenkomstig met die MFBW (MFMA) en ander Staatsvoorskrifte geskied. • Toegang te verleen aan provinsiale en nasionale beamptes tot die finansiële rekords met betrekking tot die toekenning. • Effektiewe en doeltreffende interne beheer prosesse moet in plek wees. • Munisipaliteite moet verseker dat kontrakteurs binne dertig dae na sertifisering van fakture betaal word.
Proses vir goedkeuring van 2018/19 boekjaar toewysing	Besigheidsplanne moet deur die Toekenningadvieskomitee geëvalueer en aanbeveel word vir goedkeuring deur die Provinsiale Minister, indien fondse beskikbaar is in 2018/19.

Kategorie	Distrik Munisipaliteite	Afbakening Kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
B	DC1	WC012	Cederberg	14 500			14 500		
B	DC2	WC022	Witzenberg	3 000			3 000		
B	DC2	WC023	Drakenstein	10 000			10 000		
B	DC2	WC025	Breedevallei	20 000			20 000		
B	DC3	WC032	Overstrand	10 000			10 000		
B	DC3	WC034	Swellendam	500			500		
Totaal toegewys				58 000			58 000		
Fondse deur die Departement weerhou <small>Nota</small>				11 064			11 064		
TOTAAL				69 064			69 064		

Nota Fondse deur die Departement weerhou	Provinsiale bydrae om behuingslewering te versnel		
	Munisipale Finansiële Jaar		
	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
Gugulethu toilette	2 000		
Departementele prioriteit projekte	9 064		
Die oordragte is met betrekking tot die 2016/17 behoud van inkomste.			
TOTAAL	11 064		

GROENSTE MUNISIPALITEIT KOMPETISIE	
Oordraggewende provinsiale departement	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (Begrotingspos 9)
Strategiese doelwit	Om die algemene publiek te bemagtig ten opsigte van omgewingsbestuur, deur bevordering van bewusmaking. Om bewustheid te bevorder oor omgewingswetgewing en omgewing vriendelike praktyke ten einde voldoening aan die wetgewing en praktyke te verseker.
Doel van toekenning	Om programme te implementeer en te bevorder om met belanghebbendes te skakel en om gemeenskappe te bemagtig om in samewerking met die regering, omgewings en sosio-ekonomiese programme te implementeer.
Uitkomsteverklarings	Fasiliteer vergroeningsprogram inisiatiewe en bevorder volhoubare ontwikkeling binne munisipaliteite.
Uitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeterde omgewingsbestuur deur munisipaliteite. • Vergroening van munisipaliteite.
Prioriteitsuitkomst van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> • Nasionale Uitkoms 10: Omgewing bates en natuurlike hulpbronne wat goed beskerm word en voortdurend verbeter. • Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefbare omgewing.
Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan	Die kompetisie kriteria sluit in evaluering van munisipaliteite op 'n verskeidenheid temas soos afvalbestuur, klimaatsverandering reaksie en bewaring, biodiversiteit, kusbestuur, waterbestuur, lugkwaliteitbestuur, leierskap, nakoming, institusionele reëlings en publieke deelname.
Voorwaardes	Nakoming van vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet nr. 1 van 1999), artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) en ander voorwaardes soos bepaal deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.
Toewysingskriteria	Prystoekennings is gebaseer op die kompetisie reëls en kategorieë.
Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf	Wenners word tydens die prystoekening seremonie aangekondig later in die jaar.
Vorige prestasie	2014/15: R500 000; 2015/16: R500 000; 2016/17: R500 000
Geprojekteerde tydsduur	Tweejaarlike: 2017/18 en 2019/20
MTUR-toewysings	2017/18: R500 000 en 2019/20: R500 000
Betalingskediule	Betaling sal afhang van die indiening van goedgekeurde besigheidsplan/ getekende ooreenkoms.

GROENSTE MUNISIPALITEIT KOMPETISIE	
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeamppte en ontvangsbeamppte	<p>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</p> <ul style="list-style-type: none"> • Goedkeuring van die besigheidsplan van die munisipaliteit. • Monitering en ondersteuning aan die munisipaliteite. • Omsendskrywe aan munisipaliteite waarin die reëls van die kompetisie bekend gemaak word. • Evaluering van munisipaliteite wat deelneem aan die Groenste Munisipaliteit Kompetisie. • Prystoekenning seremonie waar die weners aangekondig word. <p>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Fondse aangewend in ooreenstemming met die goedgekeurde besigheidsplan.
Proses vir goedkeuring van 2018/19-boekjaar toewysing	Toewysings soos per kompetisie toekenning en die daaropvolgende voorlegging en goedkeuring van besigheidsplan.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
Ander ^{Nota}				500		500	500		500
TOTAAL				500		500	500		500

Nota Ander	Groenste Munisipaliteit Kompetisie					
	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2017/18 Toekenning (R'000)	2018/19 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
As deel van 'n nasionale proses, nood die Departement tweejaarlikse munisipaliteite uit om deel te neem aan die Groenste Munisipaliteit Kompetisie. Die uiteindelijke resultaat en die aankondiging van die weners vind in die loop van die jaar plaas. Die toekenning/prysgeld sal gedurende die Aansuiweringbegroting verdeel word.	500		500	500		500

STREEKS SOSIO-EKONOMIESE PROJIEK/VOORKOMING VAN GEWELD DEUR STEDELIKE OPGRADERING (SSEP/VGSO) - MUNISIPALE PROJEKTE	
